# Aanlyn-polishouersdiens

Met verbeteringe in plek is dit nou makliker vir kliënte om toegang tot hul inligting by Liberty se aanlyn-polishouersdiens te verkry en om dit op datum te bring.

Liberty se aanlyn-polishouersdiensfasiliteit stel jou in staat om verskeie selfdiens-take uit te voer, insluitend die verandering van debietorder-besonderhede en die aflaai van belastingsertifikate. Jy kan enige tyd deur die internet toegang tot die aanlyn-diens verkry, eerder as om beperk te word tot die oproepsentrum se kantoorure.

## Ons het 'n paar veranderinge aangebring om die aanlyn-diens meer gebruikersvriendelik te maak:

- Ons het die registrasie-proses vereenvoudig.
- Die uitleg van die Polishouersdiensblad het verander om jou soektog te vergemaklik.
- Die nuwe tuisblad sluit aanwysings in oor hoe om inligting oor jou polis te besigtig en sekere veranderinge aan jou polis te maak, sowel as 'n probleem-oplossingshandleiding.

## Hoe om vir die polishouersdiens te registreer

1. Gaan na die Liberty webblad by www.liberty.co.za.
2. Klik op die skakel **Self Service/Policyholder Servicing**.
3. Klik op **Register as New User** in die linkerkantse opsielys.
4. Kies jou registrasie-tipe (individueel, maatskappy of trust) en klik op '**next'**.
5. Voltooi die aanlyn-vorm. Jy kan jou '**login'**-naam **en password** kies.
   - Jou '**login name'** moet uniek wees en uit minstens 7 karakters bestaan. Dit kan letters of syfers wees. .
   - Jou wagwoord moet uit minstens 5 karakters bestaan. Dit kan ook letters of syfers wees.
   - Jou '**login name'** en '**password'** is sensitief vir bo- en onderkas.
6. Wanneer jy al die stappe voltooi het, klik op **submit** aan die onderkant van die blad.
7. Jy sal per e-pos bevestiging van jou aanlyn-registrasie ontvang.

## Hoe om aanlyn jou registrasie-inligting te verander:

Wanneer jy eers geregistreer het, kan jy jou wagwoord, e-pos adres of 'login'-naam verander.

1. Gaan na die Liberty-webblad **www.liberty.co.za**.
2. Klik op die skakel **Self Service/Policyholder Servicing**.
3. Klik in die linkerkantse opsielys op '**Change Login Details'**. Jy sal een van twee opsies kan uitoefen:
   - **'Password'**: klik hier om jou wagwoord te verander. Jy sal jou 'Login'-naam, huidige wagwoord en nuwe wagwoord moet verskaf.
   - **Registrasiebesonderhede:** klik hier om jou e-pos adres of 'Login'-naam te verander. Jy sal eers met jou huidige 'Login'-naam en wagwoord moet inteken.